

## HEILIGE JESUS KOM WEER!!! Maranatha – IS JY GEREED DAARVOOR?

Heilige Abba Vader se **GROOT GESKENK** aan Sy Heilige Seun Jesus Christus se **bruid** – die 5 wyse maagde van Mattheus 25- Die **dag** en die **uur** waarop Hy hulle kom haal **sal** en **gaan** aan hulle **alleen** bekend wees!!!

Daar is 'n **vers** in die Bybel wat **ALLE christene** wêreldwyd glashelder uit hulle koppe ken – **“Maar van die dag en die uur weet niemand nie maar NET die Heilige Abba Vader”** Matt 24v36. Maar **WAAROM** ken hulle dan nie die ander **13 EWE BELANGRIKE** verse in die verband **OOK nie so goed nie???**

- 1) **Wat sê Heilige Abba Vader** oor die tye en geleentheid hieroor? Hy nooi almal hartlik uit in **Jes 45v11** en **Jer 33v3** om **HOM** te vra wanneer Jesus gaan kom.
- 2) **Wat sê Heilige Jesus** hiervan in **Matt 24v37** en in **Luk 17v26,28 en 29** – dit sal wees soos in die dae van Noag en van Lot – hulle het **PRESIES** geweet **WANNEER** en **WAT** gaan gebeur.
- 3) **Wat sê die Heilige Gees** hieroor in **Joh 16v13** – Hy sal en gaan ons in die **HELE WAARHEID** lei en ook die **TOEKOMSTIGE** gebeure aan ons verkondig.
- 4) **Wat sê Mattheüs** hiervan in **Matt 25v6** – Jesus kom Sy Bruid (5 wyse maagde) haal op 'n eg outydse Joodse trou-tradisie om 12 uur **MIDDERNAG oor Israel** (NB 11nm. In SA).
- 5) **Wat sê Lukas** hieroor in **Luk 17v34-36**. Die **wegraping** sal om **middernag in Israel** plaasvind, daar sal twee op die bed wees, dit sal **“oggend”** wees in die Ooste want twee sal op die land wees, dit sal **“middag”** wees in die Weste want twee sal by die meul maal.
- 6) **Wat sê Paulus** hieroor in **1 Thess 5v1-4** Heilige Jesus kom Sy Bruid haal soos 'n dief om **(Midder)nag** en dat ons **NIE** in die duister sal wees oor **WANNEER** dit gaan plaasvind nie.
- 7) **Wat sê die profeet Daniël** hieroor in **Dan 12v4** en vers **10**, profetiese kennis oor die eindtyd gaan enorm vermeerder en dat goddeloses (ook lou christene en hul predikers) sal glad nie verstaan maar dat die **verstandiges (5 wyse maagde) sal glashelder verstaan**.
- 8) **Wat sê Daniël** oor die dag wanneer Jesus se **openbare koms** vir die wêreld gaan plaasvind in **Dan 8v13-14**. Vanaf die dag wat die antichris hom aan die wêreld openbaar (2 Thess 2v1-8) gaan daar **PRESIES** 2 300 dae verloop en op die **LAASTE DAG** gaan Heilige Jesus op die wolke verskyn **vgs Opb 1v7**.
- 9) **Daniël verklaar ook** in **Dan 12v11** dat van die dag af wat die antichris in die derde tempel gaan sit as “god” (2 Thess 2v4) gaan daar **PRESIES** 'n 1 290 dae verloop tot en met Heilige Jesus se **wederkoms**.
- 10) **Wat sê die profeet Sagaria** oor die presiese **UUR** waarop Heilige Jesus se wederkoms sal plaasvind in **Sag 14v6-7**. Dit gaan teen die aand - **6nm in Israel plaasvind** (5nm S.A.se tyd).
- 11) **Wat sê die profeet Hosea** hiervan in **Hosea 4v6**. Die Christendom gaan ten **GRONDE** weens 'n gebrek aan **Bybelse Profetiese Eindtyd Kennis!!!**
- 12) **Wat sê Lukas** hoeveel christene gaan Heilige Jesus se Bruid wees in **Luk 12v32** dit gaan maar net 'n **KLEIN “kuddetjie”** wees!. Na aanleiding van Hosea 4v6 se “gebrek aan kennis”.
- 13) **Wat sê Openbaring** in **Opb 7v9 en 14** hoeveel christene gaan dit mis – **ONTELBARES!!**

**DIE VRAAG???** Maar waarom het Heilige Jesus dan die vers laat inskryf in **Matt 24v36** dat niemand gaan weet nie – die antwoord is baie eenvoudig, sou almal voor die tyd geweet het sou die massas tot op die laaste **gehoer en gerumoer** het en hulle dan **gou gereed** sou maak terwyl die **wegraping**, Heilige Abba Vader se **grootste geskenk**, slegs vir **Sy ware, wagtende getroue heilige kinders** is. Daarom is Sy onfeilbare **Woord** glashelder dat **Sy bruid VERSEKER** voor die tyd **SAL** weet, **en dis die Einde van die saak!!!** Dan 7v28 Skrifverwysing 33/53 vert.